# HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 22
GEHOU OP 28 DESEMBER 2017 OM 09:00 BY DIE NG KERKSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**

59 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Ds Johan Engelbrecht met skriflesing en gebed geopen.

3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 21 GEHOU OP 28 DESEMBER 2016

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

5. VOORSITTER SE VERSLAG

5.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 22ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5.2 VASSTEL VAN SAKELYS

Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

5.3 VOORSITTER SE VERSLAG

Geagte Lede

5.3.1 So kom ons dan nou aan die einde van 2017. Ons ervaar seëninge om weer met ons geliefde gesinne, vriende, bure en ook ATKV hier op Hartenbos, verenig te kon word. As ons terugkyk is daar ook soms oomblikke van hartseer en selfs verlies van dierbares. So was Marie, Bestuurslid, Boeta van Heerder se vrou hierdie jaar in en uit die hospital. Haar toestand wek kommer, maar is tans bevredigend.

Ek wil vra dat almal as blyk van eerbied sal opstaan oor diegene wat ons ontval het hierdie jaar.

5.3.2 Liewe vriende, vanjaar het ek weer diep onder die indruk gekom van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan. My dank gaan ook aan die hele bestuur vir die werk wat hulle onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Bestuur het drie vergaderings die jaar gehou wat ons probeer skeduleer het binne skoolvakansies waar Bestuurslede op eie koste Hartenbos toe gereis het. Ek dink Bestuur verdien ‘n handeklap.

5.3.3 Die jaar 2017 was ook die eerste jaar dat ekself nou permanent hier kon kom aftree. Sonder vrees vir enige teenspraak wil ek daarom aan lede sê dat ons iets ongeloofliks hier op Hartenbos, oor die jare saam met ATKV, tot stand gebring het. Dit alles, tesame met ‘n Mosselbaai Munispaliteit waar ‘alles werk’, maak dat ons voorwaar ‘n kosbare kleinnood hier besit.

5.3.4 SEKURITEIT

5.3.4.1 Die bou-aktiwiteite by die Seefront Ontwikkeling was vanjaar aansienlik minder maar het tog deurlopend geskied. Kriminele raak al hoe meer gesofistikeerd en gebruik openbare geleenthede soos die straatmyl, touchies, ens. om ons gebied te betree. Inwoners moet asb uiters versigtig wees. Dankie aan ons bekwame sekuriteitspersoneel wat sorg dat ons vanjaar weer ‘n inbraakvrye jaar kon beleef. Die feit dat sekuriteit ongewensde elemente ‘op sig’ uit ons gebied mag verwyder, te danke aan die ‘PRIVAAT EIENDOM/GEEN TOEGANG’ bordjies wat hulle die reg hiertoe gee, dra baie hiertoe by.

5.3.4.2 Augustus tot Oktober het ons sekuriteitsbeamptes ook as ‘voëlwagters’ die bosluisvoëls help verwilder met klappers net voor hul broeiseisoen begin het.

5.3.4.3 Ek wil lede spesiaal bedank vir u mooi omgang met sekuriteitsbeamptes. Hulle is al feitlik deel van ons familie hier op Hartenbos. So moes ek net laasweek weer verskeie ‘klagtes’, veral van ouer lede, hanteer toe dit wou lyk of Louis, hoof van sekuriteit, oor die vakansie beamptes wou laat roteer, want ‘ons ken dan nou al so goed vir Gert of Elvis of Georgie’, dis nou beamptes, dat ons skoon vreemd voel as hulle nie ons strate patrolleer nie. Dit is hierdie mooi gesindheid, en soms ook die koffie en koekies, of die oorskiet braaitjoppie, wat beamptes kry, en hulle waardeer dit baie, wat help om ons lede so veilig te laat voel hier. Die uiters bekwame werk van hoofsekuriteitsbeampte, Fortuin, verdien spesiale vermelding. Bestuur beveel aan dat daar weer ‘n klein aansporingsbonus aan sekuriteits-beamptes oorhandig word.

5.3.4.4 Ek het gereël dat Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, hier is as u aan die einde van my verslag, vrae aan hom wil stel.

5.3.5 ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

Fase Een van die Strandfrontontwikkeling is voltooi. Die tweede en selfs derde fase gaan maar effe rukkerig voort. Dis steeds ‘n irritasie dat Dalmanuthalaan verhoogde verkeer see toe moet hanteer. Die tydelike sluiting van Outeniqualaan, waaroor lede oorweldigend positiewe kommentaar aan Bestuur oorgedra het, het ons vanjaar bly handhaaf. Dis Bestuur se poging om te keer dat konstruksielorries ons privaatpaaie in Karoodorp beskadig. Bestuur vra u geduld

met hierdie aksies asb. Ons siening is deurgaans dat die strate in ons gebied aan ons behoort, deur ons onderhou word en slegs vir ons eie mense/gaste/noodvoertuie is. Oor die beweging van ons eie mense het ons nog nooit enige besware gehad nie.

5.3.6 TOEMAAK D.M.V. HEKKE

5.3.6.1 Die hekke in Karoodorp het nou 'n gegewe geword. Dit is veral handig om deur die jaar toe te maak om konstruksievoertuie te verhinder om ons strate te verniel. Hekke word nie permanent gesluit nie en moet steeds oopmaakbaar wees vir noodvoertuie. Merk u hek/ketting ens. asb DUIDELIK

5.3.6.2 Om die gebrassery snags op die parkeerterrein by rivieroewer te voorkom, het Bestuur toegang tot Strydomsoord, snags tussen 11:00 en 06:00 soggens beman met sekuriteitswag in die feestyd. Elke huis word voorsien van 3 plakkers vir u voertuie, vra meer by Schalk indien u meer as 3 voertuie per huis het, waarsonder u nie Strydomsoord in die tyd sal kan verlaat of binnekom nie. Noodvoertuie word natuurlik toegelaat. Vriende sonder plakkers sal eers moet bel dat sekuriteit tevrede is dat u daar hoort. ATKV sal ook Paardekraal beman snags.

5.3.6.3 Morné, ons Oordbestuurder, het ingewillig om ons, aan die einde van my verslag, weer oor vordering van die hele ontwikkeling kortliks te kom inlig.

5.3.7 HARDE MUSIEK IN AMFI-TEATER

5.3.7.1 Bestuur monitor deurlopend die klank van byeenkomste op die amfi-teater sodat dit vir lede die mins moontlike steurnis veroorsaak. Alles word vanjaar in ooreenstemming met die Weskaapse Geraasbesoedelingswet aangebied wat mens tot dankbaarheid stem.

5.3.7.2 So het ons bv. soveel 'geraas gemaak' tydens die Whale Motorfiets Rally op Terrein F vroeër vanjaar, dat die Nasionale Voorsitter, Eddie Boshoff, aan my genoem het dat hulle liefs volgende jaar 'n ander terrein gaan soek.

5.3.7.3 Die Suidkaap vir Christus-fees begin November op die amfi het pragtig verloop en daar was geen klagtes hieroor aangemeld nie.

5.3.7.4 ATKV het vanjaar die amfi-teater uitkontrakteer maar bly steeds verantwoordelik vir die klankgehalte daar. Die organiseerders moet 'n afskrif van die lisensie op die terrein beskikbaar hê. Klagtes kan by die 24-uur nr. 044 6065007 (vra vir Brandweer) aangemeld word.

5.3.7.5 ATKV het versoek dat ons onverbonde klankingenieur, net soos verlede jaar, weer die klank rondom die amphi teater met elke byeenkoms sal meet. Alles word sover in orde bevind. Die amfi is steeds die HART van Hartenbos. Hier dink ons aan die multi-funksionele aard van die byeenkomste –Boeremark, Bybelstap, Touchies, Deurnag vir KANSA, Suid Kaap vir Christus, ens. ens. ens. Watter pragtige gesig was dit nie Kersoggend toe kerkgangers selfs die ligte reëntjie trotseer het en in groot getalle die amfi volgepak het nie.

5.3.8 RIVIERFORUM

5.3.8.1 As voorsitter het ek vanjaar ten nouste betrokke geraak by die Hartenbos Rivierforum veral na klagtes van lede oor muggies en muskiete. Die Hartenbos Rivierforum is 'n statutêre komitee wat deur die Minister aangestel word om te waak oor die toestand van die Hartenbos rivier. Ons het as't ware 'n byenes oopgekrap. T.s.v. min samewerking vanaf Dept. Omgewingsake, en met volle ondersteuning van die Munisipaliteit, kon ons vanjaar die onmoontlike regkry deur die rivier 4x meganies te laat oopgrawe dat die see kon inspoel en die watergehalte herstel. As rivier vol seewater is, sorg dit vir 'n gesonde sisteem, en dus geen muggies nie. Die rapport is dat die muggies en muskiete vanjaar heelwat minder is as vorige jare.

5.3.8.2 Die groot probleem lê tans by die rioolwerke wat oorbelaai is a.g.v. uitbreidende woongebiede. Die oorpomp van KleinBrak se rioolwater hierheen, kon ons gelukkig stop. Met ons laaste 'breaching' van die riviermond het seewater darem al vir byna 3 km in rivier opgestoot.

5.3.8.3 So ons vorder, maar 'n groot stryd lê nog voor. Ek nooi almal uit, veral die wat deur die muggies en muskiete geraak word, teenaan die rivier, na die rivierforum se Jaarvergadering môre om 14:00 in die ATKV se Indaba-kamer (ouditorium).

5.3.9 STRAATLIGTE

5.3.9.1 Een ligpaal in Terrein 194 het omgewaai en die drade was oop. Bestuur het die paal vervang aangesien dit 'n gevaar ingehou het vir verbygangers, veral aangesien Munisipaliteit geweier het om aandag daaraan te gee. Die ander 3 pale is egter ook vrot en Bestuur weier nou om hulle ook te vervang aangesien ons van mening is dat die Munisipaliteit nou te veel agter ons goedgesindheid skuil en so hul verantwoordelikheid t.o.v. infrastruktuur op ons wil afskuif. Ek gaan in die 1ste kwartaal 2018 weer gesprek met Mun. hieroor aanvra.

5.3.9.2 Verder ondersoek ons ook die gebruik van sonkrag vir die straatligte en sekuriteitskameras daarmee saam. Indien lede besondere kennis oor enige van die aspekte het, kan u gerus met Schalk skakel. Bestuur kyk ook na basiese huis-alarms met radio kontak met die wagte op die grond vir vinnige reaksie op inbrake. Albert neem hier die leiding. Hieroor moet ons egter nog heelwat huiswerk doen.

5.3.10 WAL LANGS SEEFRONT

Die storm in Oktober het die wal tussen die hoofstrand en Terrein 194 skade berokken. Sedertdien sukkel ATKV om verlof te kry om strandlangs die skansmandjies weer te herstel. Bestuur het, met die mooi samewerking tussen ons en ATKV in gedagte, aan hulle verlof gegee om van bo-af dus vanaf Terrein 194 die herstelwerk te mag doen. Die gedagte is dat hulle dan later die strandwal tot by Nooitgedachtlaan sal stabiliseer wat vir ons lede ook die nodige beskerming sal inhou.

5.3.11 LAS VAN VOëLS

Met dankbaarheid kan ek meld dat ons eindelik die oorlog teen die indringervoëls, bosluisvoëls, gewen het.

5.3.12 BOU SONDER PLANNE

5.3.12.1 Huiseienaars wat bouery beplan moet asb noukeurig luister na die volgende kennisgewing van die munisipaliteit. Dit lui: "Sedert Donderdag, 27 Oktober 2016, sal alle bouwerk, ook tydelike hout-strukture (wendy-huise), skadunetstrukture en grensmure wat laer is as 1,8m vir goedkeuring voorgelê moet word voordat met bouwerk begin kan word. Indien u bouer opdrag gee om te begin bou voor die plan goedgekeur is, is u 'n kandidaat vir die Munisipale boete van R6000. En onthou tog asb. die regulasies oor bouwerk/verbouings aan asbes strukture.

5.3.12.2 Oor die algemeen verdien lede 'n pluimpie vir die nougesette nakoming van bouregulasies. Op Bestuur doen Erina vir ons waardevolle werk. Moet haar asb nie verkwalik hieroor nie. Sy doen net haar plig en verrig 'n uiters ondankbare taak met groot nougesetheid namens Bestuur. Sy kan of mag nie 'n gebou goedkeur nie, sy keur net planne goed. As u klaar gebou het en dan die plan by haar inlewer kan, mag en sal sy dit NIE goedkeur nie. Ons kan u dan ook nie beskerm as die Bou-inspekteur daaroor aan u deur klop nie.

5.3.12.3 Erina het vanjaar 1 nuwe en 37 verbouings goedgekeur. Ek wil lede gelukwens met die pragtige opgradering van hul eiendomme.

5.3.13 WEBBLAD

Ons het 'n nuwe diensverskaffer gekry wat ons webblad opdateer het. Elke lid sal egter weer van voor af moet registreer. Gebruik asb u erfnommer as skakel, aangesien erfnommers nooit sal verander nie.

5.3.14 OMBUD VIR HUISEIENAARSVERENIGINGS

Om te voldoen aan die bepalings van die Ombudsman vir Huiseienaarsverenigings het ons 'n versekeringspolis uitgeneem.

5.3.15 Ander sake Sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het is die volgende:

- Padinstandhouding word gedoen ooreenkomstig ons prioriteitslys. In die onderste deel van Tugelalaan is die grid vervang met 'n deurrybare sloot om die water wat soms vanaf die Amphi daar versamel te laat oorloop in die stormwaterpype in Radynstraat. Dit was aanvanklik ons eerste voorstel aan munisipaliteit maar hulle het toe bepaal dat ons eerder 'n grid moet insit, wat toe geblyk het nie die beste oplossing was nie.
- Vullisverwydering Bestuur reël weer op eie koste in die vakansieseisoen Vrydae 'n ekstra verwydering van vullis.
- Rondloperkatte. Moet asb nie katte voer en vensters snags ooplaat nie. Katte klim maklik in en vreet aan u 'oorskietkos'.
- Tuindienste. Ons het vanjaar 3 maal 'n breëblaar onkruiddoder laat spuit om duwweltjies te bestry. Ons begin die stryd nou wen. Die enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het.
- Die Munisipale Regulasies oor die aanhou van honde beteken in wese dat u hond slegs IN U HUIS OF AAN LEIBAND BUITE U HUIS MAG WEES, MET

7. PAPIERSAKKIE OM GEMORS OP TE TEL. Vrylopende honde word net noord van die rivier toegelaat en mag glad nie op die strand los rondloop nie.

Hiermee lê ek dan nou my Jaarverslag vir kommentaar aan u voor.

5.4 BESPREKING

5.4.1 Mnr Willa Verster benadruk weereens dat diegene wat hulle strate met hekke toemaak daardie straat en die hek moet gebruik om van en na hulle huise te ry. Dit sal verkeer eweredig deur die dorp versprei.

5.4.2 Louis du Plooy van Executive Security bedank lede vir die goeie samewerking met die sekerheids beamptes. Daar was geen ernstige voorvalle die afgelope jaar nie.

6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Grant Thornton George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die vereniging is besig om ‘n reserwe vir toekomstige projekte op te bou. Sake onder bespreking is die aanbring van sekerheids kameras en sonpaneel gedrewe straatligte. Bestuur gee aandag aan samewerking met die ATKV rondom die gedagte van ‘n geslote oord.

6.3 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

7. ATKV ONTWIKKELING

Die bestuurder van Hartenbos, Mornay Beukes gee kortliks toeligting oor die vordering met die ontwikkeling van die strandfront area. Punte wat hy uitlig is die volgende:

7.1.1 Die een deel van die ontwikkeling is redelik afgehandel. Daar is van kontrakteur verander wat weer vertragings veroorsaak het. Die projek sal in 2018 voltooi word.

7.1.2 Die fases sluit die Walvissaal, Sokkiesaal en Na Donker fasiliteit in.

7.1.3 Die pad langs Dalmanuthalaan aan die noordekant moet gebou word. Die lede in Dalmanuthalaan kry tans swaar verkeer. Sampie Keeve benadruk dat die kontrakteur verantwoordelik gehou moet word. Die kontrakteur en die stadstraad is in gesprek oor die afhandeling.

7.1.4 Daar moet seker gemaak word dat die terrein rolstoel viendelik is. Dit sluit die stoel by die warmwater swembad in.

7.1.5 Die skade aan die seewalle is met min Bredell opgeneem. ‘n Oplossing word op 15 Januarie 2018 bespreek.

7.1.6 Hennie Ungerer versoek dat al die uitgange van die Amfi na kerkdienste en vertonings oopgemaak moet word om samedromming te bestuur.

7.1.7 Japie Strydom versoek dat die toegang tot MS Pienaar beperk moet word. Stukkende deure en vensters maak dit vir bosslapers moontlik in toegang te kry. Daar is aansoek gedoen dat die gebou gesloop kan word.

7.1.8 Kobus Brand bedank die voorsitter en bestuur vir die werk die afgelope jaar gedoen.

8. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasies val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

9. SLOTWOORD EN AFSLUITING

9.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal 'n aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2018 vir u 'n goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 10:15

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN ................................................................ OP HIERDIE ................... DAG VAN .................................................................. 20 ................**

**---------------------------------**
**VOORSITTER**

**........................................**
**SEKRETARIS**